Voorwoord

Een van die Amerikaanse presidente, Theodore Roosevelt, het gesê dat as jy 'n belofte gemaak het, jy as't ware skuld aangegaan het.

Die Bybel is vol beloftes wat God teenoor mense gemaak het. Blaai gerus daardeur en let op hoeveel beloftes daarin voorkom. En die res van die Bybel bevat die verhale hoe God dié beloftes tot uitvoer gebring het. Hy betaal die skuld van sy beloftes.

Daarom wag gelowiges by God se beloftes totdat Hy ons daar ontmoet. Want Hy gaan nooit terug op sy beloftes nie. Nee, Hy kom eerder na hulle toe.

En daarom is die Bybel die belangrikste boek in ons lewe. Dit is 'n onuitputlike fontein van wysheid. In die woorde van Psalm 119:130: "Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is." Dit noop die psalmdigter om in vers 162 te jubel: "Oor u woord is ek so bly soos iemand wat 'n groot skat in die hande gekry het."

Hier is 'n boek wat die beloftes wat in die Bybel voorkom, sistematies onder verskillende temas uiteensit. Deur na 'n tema te blaai kan jy al die beloftes wat in die Woord daaroor voorkom, op een slag lees. En so kan jy die volle impak van Bybelse beloftes oor een tema ervaar.

Onthou die goeie raad wat Willie Jonker gegee het: Die regte manier om met die Bybel om te gaan is om geduldig daarna te luister. Bly biddend, wagtend, bereid om die ritseling van die blare te hoor. Wie dít doen, sal vind dat die beloftes in die Bybel jou lewe verander. Want jy gaan God se stem hoor, en jy gaan nooit weer dieselfde wees of dink of optree nie.

Wat sê die Bybel oor ... bied lesers ook talle ander bronne van inligting oor die Bybel: verskillende terme vir die Bybel, die Name wat vir Christus en die Gees gebruik word, die eienskappe van God, en so meer. Dit is 'n omvangryke naslaanbron oor 'n wye spektrum onderwerpe wat alfabeties aangebied word, en die Skrifverwysings onder elke onderwerp word tematies ingedeel sodat die regte Skrifverwysing vir 'n spesifieke situasie maklik opgespoor kan word. Dit is dus in wese 'n konkordansie en Bybel in een.

~ *Marius Nel*

Inhoudsopgawe

Aanbidding	11	Gebed	136
Afguns	15	Geduld	153
Afvalligheid	16	Gee	155
Almag (Almagtige)	18	Gees van God	157
Antwoord op gebed	19	Gehoorsaamheid	166
Armoede (arm mens)	24	Geld	178
Barmhartigheid	29	Gelofte	183
Behoefte	31	Geloof	185
Bekering	32	Geloofsekerheid	196
Bekommernis	40	Geluk	197
Beloning (loon)	43	Gemeenskap	199
Bemoediging	48	Genade	200
Benoudheid (bang)	49	Genadegawe	207
Beproewing (beproef)	61	Geregtigheid	209
Besittings	63	Gesindheid	215
Beskerming	67	Gesondheid (genesing)	217
Bevryding	74	Getrouheid (trou)	221
Bloed	79	Getuienis	225
Blydskap	81	Gewete	230
Bybel	86	God	231
Christus – Name	87	God by ons	236
Dankbaarheid	88	Goddelike natuur	240
Dissipline	90	God is onveranderlik	242
Dood	91	God wat sien	243
Doop	104	Gode (afgode)	246
Eensaamheid	106	Goeie	254
Eer	107	Guns	257
Eerlikheid (integriteit)	110	Heerlikheid van die Here	260
Ellende	113	Heerskappy van God	265
Engele	115	Heilig	270
Ewige lewe	121	Heilige Gees – Name	276
Familie	127	Hemel	276
Fees	128	Hoogmoed (trots)	286
Finansies (besittings)	131	Hoop (vertroue)	289
Gasvryheid	135	Hulp	293

Huwelik 299
Identiteit 302
Jaloesie 304
Jesus 306
Kennis 307
Kerk 309
Kinders 311
Kinders van God 314
Koninkryk van God 316
Krag 321
Kroon 327
Kruis 330
Laaste dae (eindtyd) 334
Land 344
Leiding 349
Leuens 353
Lewe 354
Liefde van God 358
Liefde vir God 365
Liefde vir ander 368
Liggaam 371
Lofprysing 379
Luister 393
Lyding 396
Mag 400
Medelye 407
Messias 410
Middelaar 415
Moed 416
Moedeloosheid 421
Moeilikheid 423
Môre 425
Naam van die Here 430
Nageslag 440
Nagmaal 445
Nederigheid 446
Offer 451
Onderwerp 454
Ongeregtigheid 456
Ontferming 459
Ontrouheid 465
Oordeel 469
Oorwinning 476
Opregtheid 479
Opstandigheid (verset) 483
Opstanding 491
Ramp 499
Redding 505
Regte optrede 518
Regverdige 525
Regverdigheid van God 534
Regverdigmaking 538
Reinheid (onreinheid) 540
Rekenskap 544
Respek (ontsag, eerbied vir God) 545
Rykdom 548
Saai 552
Sabbat 556
Saligheid 560
Satan (aanklaer, bose een, duiwel) 561
Seën (geseënd) 569
Seisoene 573
Selfbeheersing 574
Siekte 575
Skuld 580
Sondaar 587
Sonde 590
Straf 602
Stres 618
Stryd 620
Sukses 622
Swaarkry 623
Swakheid 625
Swartgalligheid 629

Teenwoordigheid van die Here 631
Teëspoed 634
Teleurstelling 636
Tevredenheid 639
Tiende 641
Toewyding 644
Tug 646
Twyfel 647
Uitverkies 650
Vas 655
Verbond 657
Verdrukking 667
Vergifnis 671
Verhoudings 677
Verleiding 679
Verlossing 680
Vermoeidheid 683
Vernuwing 685
Versoekings 685
Versoening 687
Versorging 689
Vertroosting 695
Vertroue 696
Vertwyfeling 700
Vervolging 702
Voedsel 704
Volharding 707
Volk van die Here 710
Voorsiening 711
Voorspoed 712
Vrede 720
Vrees 722
Vreugde 725
Vriendskap 728
Vrygewigheid 731
Vryheid 733
Vryspraak 734
Waarborg 737
Waarheid 738
Weergeboorte 742
Wederkoms 743
Werk 746
Wet 748
Wil van God 755
Woede 757
Wonders 760
Woonplek van God 764
Woord van God 772
Wysheid 777

Aanbidding

Aanbidding is mense se daad van verwondering en verering wanneer hulle God sien. In aanbidding bewonder en waardeer jy God vir wie Hy is, terwyl jy in lofprysing Hom eer vir wat Hy gedoen het. Van aanbidding het Thomas Aquinas (1225-1274) gesê dat God dit nie nodig het nie. Óns het dit nodig. Want wanneer ons God aanbid, erken ons dat Hy soveel vir ons is. Terwyl ons God aanbid, dink ons na oor Hom. En ons geloof groei in die God wat groter en sterker is as wat ons ooit kan begryp. Deur aanbidding kommunikeer Hy sy teenwoordigheid aan ons.

Aanbid die Here alleen

"As die Here verbykom om die Egiptenaars te tref, sal Hy die bloed aan die bokant en die sykante van die deurkosyn sien en dié deur oorslaan. Hy sal nie die dood in julle huise laat kom om julle te tref nie.

"Julle en julle kinders moet altyd hierdie voorskrif eerbiedig. Wanneer julle in die land kom wat die Here vir julle gaan gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie verpligting nakom. As julle kinders sou vra: 'Wat beteken hierdie verpligting?' moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here omdat Hy in Egipte die Israeliete se huise oorgeslaan het. Terwyl Hy die Egiptenaars getref het, het Hy ons huise gespaar."

Toe het die volk in aanbidding gebuig. Soos die Here vir Moses en Aäron beveel het, presies so het die Israeliete gedoen.

Eksodus 12:23-28

Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan."

Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.

Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: "Wat maak jy hier, Elia?"

Hy het geantwoord: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."

Maar die Here sê vir hom: "Draai in jou spore om na die Damaskuswoestyn toe, en as jy daar aangekom het, moet jy vir Gasael salf tot koning van Aram. Jy moet ook vir Jehu seun van Nimsi salf tot koning van Israel, en vir Elisa seun van Safat uit Abel-Megola moet jy salf tot profeet om jou op te volg. Dan sal dit só wees: wie Gasael se swaard vryspring, Jehu sal hom doodmaak; wie Jehu se swaard

vryspring, Elisa sal hom doodmaak. Maar Ek sal in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baälbeeld aanbid het nie."

1 Konings 19:11-18

Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!

Psalm 95:6

Prys die Here ons God. Kom buig in aanbidding voor Hom: Hy is heilig!

Psalm 99:5

Mense gooi goud uit hulle geldsak uit en weeg silwer op 'n skaal af; hulle huur 'n goudsmid, en hy maak daarvan 'n afgodsbeeld. Dan buig hulle voor hom en aanbid hom. Hulle tel hom op hulle skouers en dra hom, hulle sit hom op sy plek neer en hy staan daar, hy kan nie van daardie plek af padgee nie. As iemand na hom roep, antwoord hy nie, hy help hom nie uit sy nood nie.

Jesaja 46:6-7

Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: "Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

Daniël 3:16-18

God verlaat dié wat Hom nie aanbid nie

Elke nuwemaansfees en elke sabbat sal al wat leef, voor My in aanbidding kom buig, sê die Here.

Wanneer hulle uit die stad uitgaan, sal hulle die lyke sien van die mense wat hulle teen My verset het.

Die wurms wat aan hulle vreet, sal nie vrek nie, en die vuur waarin hulle brand, sal nie geblus word nie; hulle sal iets afgrysliks wees vir al wat leef.

Jesaja 66:23-24

So sê die Here: Gaan staan in die voorhof van die huis van die Here en praat met al die mense wat uit al die stede van Juda kom om in die huis van die Here te aanbid. Jy moet alles wat Ek jou beveel, vir hulle sê. Jy mag nie 'n enkele woord weglaat nie. Miskien sal hulle luister en hulle van hulle verkeerde lewe bekeer. Dan sal Ek die straf herroep wat Ek oor hulle wou bring oor hulle sondige dade.

Jeremia 26:2-3

Dié wat aanbid, word geseën

Al die mense wat oor is uit die volke wat teen Jerusalem opgetrek het, sal jaar na jaar kom om die Koning, die Here die Almagtige, te aanbid en om die huttefees te vier. Geen volk op aarde wat nie na Jerusalem toe kom om die Koning, die Here die Almagtige, te aanbid nie, sal reën kry nie.

Sagaria 14:16-17